

Gabriel Fagan 1925-2020

Dit is met groot hartseer en verlies dat die Kaapse Instituut van Argitektuur kennis neem van die afsterwe van ons kollega en een van Suid-Afrika se bekendste en belangrikste argitekte, Gawie Fagan, op die ouderdom van 94 by sy woonhuis *Die Es* in Kampsbaai.

'n Bekroonde argitek, gerespekteerde en beminde kollega en 'n vriend van menige argitekte, *Oom Gawie* was 'n voorbeeld vir talle argitekte van hoe om 'n ernstige, eerlike en passievolle argitek te wees, met geboue wat respek en waardering vir die omgewing afdwing. Hy en sy vrou Gwen het nou saamgewerk as vennote met hul span argitekte vanuit hul negentiende eeuse pakskuur by Breestraat 156. Hy het 'n enorme oeuvre van betekenisvolle geboue en plekke as erflating nagelaat.

Met 'n diepgesetelde kennis van Kaapse volksargitektuur, die klimaat en omgewing van die Kaapse skiereiland en die wynlande is Gawie Fagan se woonhuise, publieke geboue en restorasie-projekte 'n toonbeeld van argitektuur wat kontekstueel pas, met 'n sensitiewe aanslag en vernuftige detail wat sy ambag-kennis en seiljagvaart-wysheid ten toon stel.

Gawie en Gwen Fagan het vele publikasies die lig laat sien en Gawie het geveg vir belangrike stedelike kwessies in die Kaap - soos toegang tot die see vir Kapenaars in die 1980's - wat die Victoria en Alfred Waterfront-projek tot gevolg gehad het, die restorasie van Kaaps-Hollandse plaasopstalle by Dal Josaphat, ook by Boschendal en het gepoog om die historiese geboue van Distrik Ses van sloping te red. Hy was ook 'n ywerige en entoesiastiese fotograaf, soos sy dokumentasie van Distrik Ses se geboue en dié van die argitektuur van die Karoo in sy publikasie *Brakdakke* getuig.

Die grootste uitdaging vir enige argitek is om projekte te onderneem wat nuwe lewe inblaas in historiese omgewings en geboue. Dit is die respek vir geskiedenis en die balans van wat behoue moet bly en wat nuut en kontemporêr met die historiese argitektuur behoort te wees. En dis hier waar Fagan sy meesterskap ten toon stel. Belangrike rigtingaanwysers vir Suid Afrikaanse argitektuur is deur die jare noukeurig en suksesvol voltooi. Die projekte sal gewis vele lesse inhou vir argitekte vir die toekoms.

Restorasie-projekte van die oudste straat, Kerkstraat in Tulbagh, na die verwoestende aardbewing (1969), gevolg deur restorasie projekte by Genadendal, Rust en Vrede (1978), Tuynhuis, Buitenverwachting, Boschendal, Leeuwenhof se Slawe-kwartiere, Coetzenburg, die dolfyn-poel in die Kasteel en die langdurige restorasie-projek by die Kasteel (1967-2020), Jan Smuts se geboortehuis by Riebeeck Kasteel en 'n magdom ander projekte - in totaal is meer as 200 historiese geboue deur sy praktyk gerestoureer. By die SA Brouery in Nuweland en die moderne ingang van die Universiteit van Kaapstad se Instituut van Aansteklike Siektes en Molekulêre Medisyne is die hand van Gawie Fagan as Modernis te sien in die kontemporêre ingryping met historiese geboue, en is dit met uitnemendheid uitgevoer.

Die Es in Kampsbaai (voltooi in 1965), die ikoniese familie-woonhuis wat deur Gawie en sy familie gebou is, is 'n kontemporêre interpretasie van Kaaps Hollandse argitektuur, met 'n sterk Modernistiese inslag, die gegolfde dak 'n verwysing na die barok van Kaaps Hollands en Gaudi se werk in Barcelona en met details wat in skeepvaart gefundeer is. Dit is 'n huis van 'beduidende waagmoed en selfvertroue, beide in tegniese uitvoering en in komposisie', skryf Peter Buchanan in sy inleiding tot *Twenty Cape Houses*. *Die Es* het met tyd die woonhuis geword wat in die sestigs reeds 'n rigtingaanwyser was vir 'groen argitektuur' en Fagan wêreldberoemd gemaak het. Die getuienis daarvan is die vele internasionale publikasies en sy inlywing as genoot van die Amerikaanse Instituut van Argitekte in New York in 2009.

Vele ander familie-woonhuise met 'n Kaapse inslag is voltooi, soos te siene in *Twenty Cape Houses*. Dit het begin by sy ouers se huis, Keurbos in Bishop's Court (1951) met 'n Aalvar Aalto-inslag, Bertie Roberts (1965) se huis in Kampsbaai, Huis Raynham (1967), Huis Swanepoel by Cape St, Francis (1981), Lückhof-huis by Onrust (1981), Nagenoeg by Bettiesbaai (1998) en hul

eie strandhuis Paradys (2003) aan die Weskus. Almal uitstekende voorbeelde van sy huishoudelike argitektuur.

Die skaal van die woonhuise, die uitvoering van ruimtelike sirkulasie en die oorgang van binne- na buiteruimtes, die verwysings na die Kaapse volksargitektuur, en die Mediterreense klimaat, maak die huise getuies van 'n argitek wat sy kliënte se behoeftes kon lees en die plek en tyd verstaan. Dit is veral die weldeurdagte selfbeheersing, vakmanskap en die spaarsamige gebruik van materiale wat sy werk kenmerk en aan dit 'n ryke tasbaarheid verleen. Die eenvoud van argitektuur en innovasie van detail is ook sigbaar by Kleinplasia Landbou-museum by Worcester (1970's) en die Mosselbaai Maritieme Museum (1987) by die ou poskantoor-boom - die karveel daar uitgestal, is deur Gawie met 'n bemanning afgeseil van Portugal na Mosselbaai om Bartolomeu Dias se landing in 1448 te herdenk.

As resident-argitek vir Volkskas bank het Gawie Fagan in die sestigs landwyd gevlieg om nuwe werk en aanbouings te inspekteer en het hierdie fase van sy werk nie net ons platteland gelaat met 'n ongelooflike skat van konteksgedrewe en kontemporêre bankgeboue nie, maar het dit ook die wonderlike boek Brakdak die lig laat sien, 'n argief van volksargitektuur en dorpe wat vandag nie meer daar is nie.

Gawie die seiljagvaarder wat die Kaap na Rio Wedvaart gewen het en die Suid-Atlantiese oseaan meermale oorgesteek het, was waarskynlik ook die oudste lewende lid van die "Royal Cape Yacht Club" met ongeveer 75 jaar van lidmaatskap. Hy was ook 'n uitstekende musikant en vroër is die kantoor met tye gevul met sy klavierspel.

As vader van Hennie, Helena, Jessie en Alida was sy en Gwen se meelewing in hul belangstellings en hul doen en late opmerklik. Sy eggenote en vennoot Gwen, 'n mediese dokter van beroep, het met die restourasie van Kerkstraat in Tulbagh by die praktyk aangesluit. Tesame het hulle die praktyk uitgebou met haar as kranige landskapsontwerper en Kaapse rose-kenner (skrywer van *Roses at the Cape of Good Hope*). Gawie was eervolle lid van die Kaapse Instituut van Argitekte en UDISA (Die Stedelike Ontwerp Instituut), met eredoktorsgrade van die Universiteite van Stellenbosch en die Oranje Vrystaat, 'n goue medalje van SAIA en het vele meer toekennings ontvang, amper te veel om op te noem.

Gabriel Fagan, geliefde argitek en 'n rolmodel vir ons, 'n man groter as die lewe self. Hy laat 'n verstommende nalatenskap van innoverende en kontekstueel betekenisvolle argitektuur. Hy laat diep spore vir ons as argitekte om te volg. Die nederige en briljante argitek wat altyd tyd gemaak het vir almal, kollegas, vriende en studente. 'n Ware heer.

Die onlangse publikasie van *Gwendoline's Gawie* deur sy vrou Gwen Fagan illustreer die lewe van die merkwaardige man en sy gesin.

(Martin Kruger, en Henk Stander Kaapstad 14 September 2020)